**7 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 7**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 7:12**

## God, die regverdige Regter, sal uitspraak lewer

Waarheen kan jy gaan as jy onskuldig verontreg word? Jy word dalk vals beskuldig en beskinder. Wat is jou reaksie as iemand jou onregmatig seermaak? As ons eerlik is, sal ons erken dat ons eerste reaksie is om aan te val. Ons wil wraak neem. Ons wil die persoon wat ons verwond het, terug seer maak. In Psalm 7 teken God vir ons, deur sy kneg Dawid, 'n alternatiewe reaksie. Dawid word onskuldig vervolg. Sy vyande wil hom soos 'n leeu uitmekaar skeur, maar hy slaan nie terug nie. Hy gaan na God toe. Hy bid tot die Here. Hy weet dat die Here hom kan beskerm en dat die Here alsiende is. Die Here ken die situasie en weet wat die omstandighede is. Hy sal regverdig oordeel. God die Hemelse Regter sal uitspraak lewer. Hoeveel keer kon Dawid homself op Saul gewreek het? Hy doen dit egter nie, want hy weet dat die wraak hom nie toekom nie. Die Here sou tussen hom en Saul regspreek. As Christen, gedring deur die Heilige Gees, word ons ook geroep om nie terug te slaan nie en ons tot God te wend. Jou koning, Jesus Christus, het die ander wang gedraai en roep jou ook om die ander wang te draai. Gaan in gebed, gelei deur die Heilige Gees, na die Here. Stort jou hart voor Hom uit, wag op sy uitspraak en weet dat Hy regverdig sal oordeel.

*Sing: Psalm 7:1, 5* *Ds Johannes Aucamp (Rietvallei)*